

1 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:9 – 2:21

Fokusgedeelte: 1 Samuel 2:19

Die manteltjie

Die koninkryk van God kom ook in die klein dingetjies. Niks is te gering vir dienswerk in die koninkryk van God nie. Selfs 'n *manteltjie* getuig daarvan. Daarom, moenie die dag van klein dinge gering ag nie (Sag 4:9).

As jong seun het Samuel al 'n linneskouerkleed gedra. Dit was die amptelike drag van die priester. Samuel het dus al van jongs af ampswerk verrig. Hanna, sy moeder, het hom daarin ondersteun en gekoester. Sy het hom van die Here afgesmeek (1 Sam 1:20). Die manteltjie getuig van moeder Hanna se medewerking en ondersteunende liefde.

Hanna se gesindheid getuig daarvan dat die grootste vreugde van moederskap is om haar kind uit vrye wil aan die Here op te dra. Sy was van die begin af voorbereid om te doen wat alle moeders en vaders uiteindelik moet doen, naamlik om haar in die positiewe sin van die woord "los" te maak van haar kind. Hanna het merkwaardige woorde oor haar klein seuntjie, Samuel, gesê: "*Wanneer die seun gespeen is, sal ek hom wegbring dat Hy voor die Here verskyn en altyd daar bly*" (1 Sam 1:22).

Kinders is vanaf geboorte volkome afhanklik van hulle ouers vir alle primêre behoeftes. Dit maak dat sommige ouers vergeet dat dieselfde afhanklike kind binne bestek van enkele jare heeltemal onafhanklik sal wees. Dit is 'n natuurlike en gesonde ontwikkeling. Onderlinge verhoudinge sal versterk word as daar meer sensitiwiteit is vir hierdie gesonde veranderingsproses. Weerstand teen of ontkenning van die proses lei tot groot verdriet.

Sing: Psalm 90:9

Dr PW Bingle (Emeritus)

